

**DIE
HERE**

**HET DIE
WOORD**

GEGEE

'n Studie oor die Geskiedenis van die Bybelse Teks

Malcolm H. Watts

DIE HERE HET DIE WOORD GEGEE

'n Studie oor die Geskiedenis van die Bybelse Teks

Deur:

Malcolm H. Watts

Trinitarian Bible Society

William Tyndale House, 29 Deer Park Road London SW19 3NN, England

© Trinitarian Bible Society 1998

William Tyndale House, 29 Deer Park Road, London SW19 3NN, England Registered Charity
Number: 233082 (England) SC038379 (Scotland) Copyright is held by the Incorporated
Trinitarian Bible Society Trust on behalf of the Trinitarian Bible Society

Inhoud

Voorwoord by die Afrikaanse vertaling	4
Inleiding	6
Die Ou Testament	7
Die Nuwe Testament	18
DIE "AUTHORISED VERSION" (KJV)	31
Die Afrikaanse vertaling (1933)	32

Voorwoord by die Afrikaanse vertaling

In 1998 het The Trinitarian Bible Society 'n baie eenvoudige, maar uiters belangrike geloofsboekie oor die Here se bewaring van sy Woord in die Ou Testament (Hebreeus en Aramees) en Nuwe Testament (Grieks) laat verskyn.

Die titel is: **The Lord gave the Word. A study in the history of the Biblical text.** Die skrywer is **Malcolm H Watts**.

Ek kan die inhoud van hierdie boekie in net een enkele sinnetjie omskryf: Hoe die Here Self deur die eeue heen sonder ophou gesorg het dat sy Woord suiwer, korrek, bewaar bly. Ek kan dit ook in een enkele woord opsom: **Geloofsboekie** - dit is 'n **geloofsboekie**: geloof in die voorsienige sorg van die Here, die voorsienige sorg van die Here vir sy eie Woord, sodat sy Woord altyd onvervalsds bly bestaan het en voort sal bestaan.

Daar is talle wetenskaplikes vandag wat maak asof ons nie altyd met sekerheid kan sê presies wat daar in die oorspronklike teks van Die Bybel gestaan het nie. Veral sedert die negentiende eeu, het twee manne, Westcott en Hort, daarvoor gesorg dat die geloofsleer oor die suiwer bewaring van die Woord op losse skroewe te staan gekom het. Hulle het van 'n geloofssaak 'n onseker, wankelrige saak gemaak. En dit gaan van kwaad na erger. Deur die eeue heen het die Here egter gesorg dat sy Woord nogtans in die **Textus Receptus** van Ou En Nuwe Testament (**Textus Receptus** = die deur die eeue heen ontvangte teks van Ou en Nuwe Testament) bly voortbestaan het, suiwer, volledig en onvervalsds.

Teenoor die ongeloofswetenskap staan ons as gelowiges op ons heerlike, vaste geloofsbelydenis (vergelyk Heidelbergse Kategismus Sondag 9 en 10 en Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 3): **Ons bely dat hierdie Woord van God nie deur die wil van 'n mens gestuur of voortgebring is nie, maar die heilige mense van God het dit, deur die Heilige Gees gedrywe, gespreek, soos die heilige Petrus sê (2 Pet. 1:21). Daarna het God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid sy knegte (die profete en apostels) beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel, en Hy self het met sy vinger die twee tafels van die wet geskrywe. Daarom noem ons sulke geskrifte die heilige en Goddelike Skrif.**

Ja, die Here sorg nie alleen vir die **ontstaan** van sy Woord nie, maar ook vir die **voortbestaan** daarvan.

Daarom, danksy die feit dat nie mense nie, maar die Here Self sorg dat sy Woord suiwer bewaar bly, hét ons die Woord wat heerlik vas en seker is - **ondanks** menslike swakheid, **danksy** die Here se almagtige en alomteenwoordige mag.

Ek is broeder Willem Swanepoel baie dankbaar dat hy hierdie boekie in ons eie Afrikaans vir ons beskikbaar maak.

Dit is 'n boekie vir lidmate, maar ook geleerdes word daardeur onderrig en tereggewys en sekerheid gegee.

Ek en Willem het gewonder hoe ons die Engelse woord "scribe" moet vertaal – die manne wat die Bybel met die hand moes oorskryf. Uit die boekie word die helder dat dit geen half- of ongeleerde skribas, oorskrywers, was wat hierdie werk gedoen het nie. Dit was hoogs bekwame Skrif- en taalkenners wat hierdie ontsaglike werk met eeue se geduld gedoen het. Daarom kan ons liever praat van **skrifgeleerdes** en nie sommer net skribas of sekretarisse. So het God gesorg dat met die grootste stipheid die Woord neergepen is.

Mag hierdie boekie vir u tot groot seën wees en u bring tot groot verwondering en lofprysing van God, wat Self sorg vir sy Woord. **Dit is 'n kosbare boekie wat elke lidmaat behoort**

te lees. Dit trek 'n dik swart streep deur die saamgeflansde brontekste van die 1983 én 2020 vertalings!

AH Bogaards; WJ Swanepoel - 2021

Inhoud

Voorwoord by die Afrikaanse vertaling	4
Inleiding.....	7
Die Ou Testament.....	7
DIE EERSTE TAAL.....	7
SKRYFMATERIAAL	7
OPENBARING	8
TWEELING-LEERSTELLING	9
GESKREWE	9
DIE OORSPRONKLIKE	9
DIE TEMPEL	10
BETEKENIS VAN DIE ARK.....	10
EEN BOEK.....	11
KOPIEË.....	11
DIE WERK VAN DIE SKRIFGELEERDES	13
VERLIES VAN DIE OORSPRONKLIKES.....	13
DIE GROOT SINAGOGE	14
DIE BEROEMDE MASORETE.....	15
'N MASORETIESE TEKS	16
OU TESTAMENT OPSOMMING	16
Die Nuwe Testament.....	18
CHRISTELIKE WAARHEID NEERGESKRYF	18
DIE GODDELIKE OORSPRONKLIKES.....	18
AKKURATE KOPIEERING.....	19
TEKSTUELE VARIANTE.....	20
DIE REPRODUKSIE VAN DIE OUTENTIEKE TEKS VAN DIE NUWE TESTAMENT	21
DIE GRIEKSE MANUSKRIPTE WAT NOG BESTAAN	22
1. Papiri.....	22
2. Unsiale.	23
3. Minuskels.....	24
4. Leksionaria.....	24
KLASSIFIKASIE.....	24
A. The Bisantynse Teks.....	25
B. Die Alexandrynse teks-tipe	28
KRITICI VAL DIE BYZANTYSE TEKS AAN.....	29

DIE "AUTHORISED VERSION" (KJV)	31
Die Afrikaanse vertaling (1933)	32

Inleiding

Die Bybel is die ewige Woord van God. Dit is deur God aan die mens gegee as die absolute, opperste, gesaghebbende, onfeilbare, en onveranderlike standaard vir geloof en lewe. In hierdie artikel wil ons die geskiedenis van die Bybel naspoor vanaf sy begin in selfopenbaring, deur sy vergestaling in geskrewe vorm deur bonatuurlike inspirasie, tot sy akkurate oordrag tot vandag toe deur voorsienige bewaring. Ons glo vas, hoewel die storms van kritiek voortdurend woed tee God se Woord, dat die nederige gelowige se vertrouwe daarin, regverdigbaar en gestaaf is. Hierdie heilige bundel is en sal altyd die Boek van God wees.

Die Ou Testament

Die grootste deel van die Ou Testament is geskrywe in Hebreeus, soms genoem "die taal van Kanaän" (Jesaja 19:18) of "Joods" (Jesaja 36:11). Dit het waarskynlik ontwikkel uit die ou Hebreeus wat Abraham in Ur van die Chaldeërs (Genesis 14:13) gepraat het en 'n aantal geleerdes glo dat hierdie ou Hebreeus bestaan het voor Abraham en dat dit "dieselfde taal" en "een en dieselfde woorde" van die voor-Babelse tyd was (Genesis 11:1). Met ander woorde, hulle glo dat dit die oorspronklike taal van die mens was.

DIE EERSTE TAAL

Ondersteunende bewyse vir hierdie siening is redelik beduidend. *Eerstens*, die Hebreeuse name vir diere druk hulle natuur en eienskappe baie akkuraat uit – inderdaad meer as enige ander antieke taal. Dit sluit aan by die feit dat Adam, kort na die skepping, name vir al die diere gegee het deur die besondere kwaliteite en eienskappe van elke spesie waar te neem (Genesis 2:19-20). *Tweedens*, eiename, soos Adam, Eva en Kain, het betekenis in Hebreeus, waarvan sommige in die Ou-Testamentiese geskifte toegeskryf word (Genesis 2:23; 3:20; 4:1). *Derdens*, die name van verskillende antieke nasies blyk van Hebreeuse oorsprong te wees, afgelei van die seuns en kleinseuns van Sem, Gam en Jafet: soos byvoorbeeld die Assiriërs van Assur; die Elamiete van Elam; en die Arameërs van Aram.

Daar *kan* dus geargumenteer word dat een of ander vorm van Hebreeus die eerste taal was wat in die wêreld gepraat en gehoor was; maar hoe dit ook al sy, dit is 'n onbetwisbare feit dat so te sê die hele Ou Testament in Hebreeus geskryf is. Die enigste uitsonderings is in die Aramees ('n taal nou verwant aan Hebreeus), wat in werklikheid Hebreeus ten tyde van die gevangenskap vervang het. Hierdie uitsonderings is twee dele van die boek Esra (4:8-6:18; 7:12-26), verklaar deur die feit dat Aramees die amptelike taal van die Persiese Ryk was; 'n vers in Jeremia (10:11), waar daar 'n aanhaling is van 'n Aramese spreekwoord; en nogal 'n groot gedeelte van die boek Daniël (2:4 tot 7:28), waar Aramees gebruik word, waarskynlik omdat die hele gedeelte oor die nasies van die wêreld handel.

SKRYFMATERIAAL

Waarop is die antieke Skrif geskrywe? Dit blyk dat die oorspronklike Ou Testamentiese geskifte op papyrus geskryf was. Dit was gemaak van riete wat op die oewers van die Nyl gegroei het. Die sagte deel van die riet is in dun, smal stroke gesny wat dig teen mekaar gelê is. Dwarsoor hierdie eerste laag is 'n tweede gelê en daarna tot 'n enkele buigsame blad

platgeslaan, gepers en gepoleer om 'n tipe primitiewe papier te vorm.

Ons weet dat papiirus lank gelede in Egipte gebruik was, beslis in die tyd van Moses en dit is dus waarskynlik dat die eerste dele van die Ou Testament op dié materiaal geskrywe was. Indien nie, sou dit op die velle van diere geskryf gewees het, wat ongeveer 2000 v.C. in gebruik was. Velle van diere is verkies omdat dit langer gehou het en nie so bros was nie: daarom het dit die teks beter behoue laat bly.

OPENBARING

Ons weet dat God die grootste van alle wesens is. Die Skrif sê: "Kan jy die dieptes van God peil? Of sal jy kan deurdring tot by die volmaaktheid van die Almagtige?" (Job 11:7). En die antwoord word natuurlik aanvaar as "Nee". Met al ons vernuf kan ons nie die oneindige God ontdek nie. Hy is ver, ver bo die menslike begrip. Beteken dit dan dat daar geen hoop is dat ons Hom kan ken nie? Gelukkig is dit nie wat dit beteken nie. Al kan ons God nie ontdek nie – self nie deur intensiewe ondersoek nie – *is* Hy in staat om Homself aan ons bekend te stel. As die Bron van alle waarheid, kan Hy ons leer van sy wonderlike Wese en daarom kan ons, soos die Psalmdigter sê, "in u lig sien ons die lig" (Psalm 36:9). Dit bring ons, heel natuurlik, by die leerstelling van openbaring. 'n Kort, maar akkurate, definisie van openbaring kom uit die pen van dr. James Bannerman. Hy skrywe, vry vertaal, "Openbaring, as goddelike daad, is die voorlegging van objektiewe waarheid aan die mens op bonatuurlike wyse deur God. Openbaring, as effek van daardie daad, is die objektiewe waarheid wat so aangebied word".¹

Daar is twee soorte openbaring. *Eerstens* is daar **algemene openbaring**. Dit kom gedeeltelik van buite onself, vanaf die wêreld rondom ons. In die werke van die skepping en voorsienigheid wys God iets van sy Goddelikheid en Volmaaktheid. "Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid" (Romeine 1:20; vgl. Psalm 19:1; Handeling 14:27). Wanneer ons na die verskillende dele van die sigbare heelal kyk, is ons verplig om te dink, met eerbiedige ontsag, aan die goddelike Argitek en Skepper. Verdere algemene openbaring kom van binne ons. Omdat ons geskep is na die beeld van God, het ons 'n aangebore besef van God se onsterflikheid en die verskil tussen reg en verkeerd. Ons is, soos Paulus sê, 'n wet vir onself omdat die "werk van die wet in hulle (ons) harte geskrywe staan, terwyl hulle (ons) gewete saam getuienis gee" (Romeine 2:14, 15).

So 'n openbaring word algemeen genoem: nie net omdat dit in die algemeen dwarsdeur die wêreld gegee word nie, maar ook omdat dit te doen het met algemene dinge. Dit sê niks van spesifieke dinge, soos versoening met God, vergewing van sondes of die weg na die hemel nie.

In sy wonderlike barmhartigheid het dit God egter behaag om 'n **besondere openbaring** te gee. Ook dit is uitwendig en inwendig. Uitwendige spesiale openbaring het gekom deur "teofanie" (Godsverskyning) soos God aan mense verskyn het, en ook deur "stemme", soos God met hulle gepraat het. "Daarop verskyn die HERE aan Abram en sê: Aan jou nageslag sal Ek hierdie land gee." (Genesis 12:7; vgl 3:8-19).

Inwendige besondere openbaring het na gekose mense gekom deur visioene, drome en laste. Soos God self eenmaal gesê het: "As julle profeet van die HERE is, sal Ek deur 'n gesig My aan hom bekend maak, deur 'n droom sal Ek met hom spreek" (Numeri 12:6). "Laste" was swaar boodskappe wat op die verstand en hart gelê was. So lees ons: "GODSPRAAK. Die woord van

¹ James Bannerman, *Inspiration: the Infallible Truth and Divine Authority of the Holy Scriptures* (Edinburgh: T & T Clark, 1865), p. 158.

die HERE aan Israel deur die diens van Maleági." (Maleagi 1:1)². Besondere openbaring voldoen aan die diepste behoeftes van die mens se hart. Dit beantwoord die vraag wat so oud soos die mens se siel is - "...hoe kan 'n mens regverdig wees by God?" (Job 9:2).

Deur algemene en besondere openbaring (wat sy klimaks bereik het met die Inkarnasie), het God genadiglik aan ons 'n goddelike self-openbaring gegee en die weg van sy verlossing bekend gemaak.

TWEELING-LEERSTELLING

Daar is 'n tweeling-leerstelling wat ons moet oorweeg: inspirasie, wat Professor Louis Gaussen so definieer (vry vertaal): "daardie onverklaarbare krag wat die Goddelike Gees van ouds op die outeurs van die heilige Skrif uitgeoefen het, om hulle leiding te gee, selfs in die woorde wat hulle gebruik het, en om hulle te bewaar van alle dwalinge en van alle weglatings".³

Inspirasie is dus die *proses* waardeur God bonatuurlike invloed uitoefen op sekere mense om hulle in staat te stel om akkuraat en onfeilbaar weer te gee wat aan hulle openbaar is. "Deur die Heilige Gees gedrywe", lees ons, "het die heilige mense van God gespreek" (2 Petrus 1:21). Die *resultaat* van die proses is die geskrewe Woord van God, "die boek van die waarheid" (Daniel 10:21). Die apostel se bekende uitspraak kom onmiddellik in die gedagtes op: "Die hele Skrif is deur God ingegee" (2 Timoteus 3:16).

Die geïnspireerde Skrif is God se boek van openbaring. As gevolg van openbaring en inspirasie kan ons die Bybel in ons hande neem en weet dat ons die geskrewe Woord van God in ons besit het.

GESKREWE

Die eerste opgetekende voorbeeld van sulke geskryfte word gevind in Eksodus 17:14, waar die Here kort na die oorlog met die Amalekiete aan Moses gesê het: "Skrywe dit as 'n aandenking in 'n boek...". Ons lees weer in Eksodus 24:4: "En Moses het al die woorde van die HERE opgeskrywe...". En weer in Eksodus 34:27: die Here het vir hom gesê "Skrywe vir jou hierdie woorde op ...". So kan ons voortgaan. Daar is baie ander tekste wat wys dat Moses meer, veel meer, geskrywe het, selfs die hele Pentateug, dit is die eerste vyf boeke van die Bybel (bv., Deuteronomium 31:9, 24-26; Numeri 33:1, 2).

DIE OORSPRONKLIKE

Nadat dit geskrywe was, was die geïnspireerde oorspronklike Skrifte, of "outografieë" (soos hulle genoem word), baie versigtig bewaar. Moses se boekrol is aan die priesters gegee wat dit naby die ark geplaas het. Ons lees in Deuteronomium 31:25, 26 dat "Moses aan die Leviete wat die verbondsark van die HERE gedra het, bevel gegee en gesê: Neem hierdie wetboek en sit dit neer aan die kant van die verbondsark van die HERE julle God, dat dit daar as getuie teen jou kan wees." (Vgl. Josua 1:8; 1 Konings 2:3; Nehemia 8:1).

Na Moses het Josua gekom, die outeur van die boek wat sy naam dra. Naby die einde van sy lewe, volgens Josua 24:26, het hy gedoen presies wat Moses gedoen het. Nadat hy 'n toevoeging tot Moses se boekrol gemaak het, het hy die boekrol in die heiligdom laat vervang. "En Josua het hierdie woorde in die wetboek van God geskrywe en 'n groot klip geneem en dié daar opgerig onder die eikeboom wat by die heilige plek van die HERE is".

Dit was nie lank voordat daar 'n verdere toevoeging was nie, hierdie keer deur Samuel, wat "die

² In die KJV word die Hebreeuse woord נִצְוָה vertaal as las.

³ Louis Gaussen, *Divine Inspiration of the Bible* (GrandRapids: Kregel Publications, 1971. Gepubliseer in Edinburgh in 1842 onder die titel, *Theopneustia: The Bible, its Divine Origin and Entire Inspiration, Deduced from Internal Evidence and the Testimonies of Nature, History, and Science*), p. 34.

reg van die koningskap voor die volk afgekondig (het) en dit in 'n boek geskrywe en voor die aangesig van die HERE neergelê (het). " (d.i., voor die aangesig van God, in die Allerheiligste by die ark van die verbond; 1 Samuel 10:25).

DIE TEMPEL

Toe die tabernakel vervang is deur die tempels, blyk dit dat hierdie kosbare oorspronklike na die meer permanente gebou oorgedra is. Daar kan moontlik na hulle verwys word in 2 Konings 22:8, waar Hilkia, die hoëpriester, opgeteken is dat hy gesê het: "Ek het die wetboek in die huis van die HERE gevind". Sommige geleerdes het voorgestel dat hierdie "boek van die wet" die oorspronklike eksemplaar van Moses was, wat tydens die goddelose heerskappy van Manasse en Amon deur die priesters versteek was en nou eers ontdek en onder die aandag van die koning gebring is.⁴ In 2 Kronieke 34:14, word dit genoem "die wetboek van die HERE ... deur die diens van Moses gegee". 'n Meer letterlike vertaling sou wees: "die wetboek van die HERE uit die hand van Moses".

BETEKENIS VAN DIE ARK

Dr. W.H. Green wys daarop dat om die dokumente in hierdie heilige plek te hou "in ooreenstemming met die gebruik van die vernaamste nasies van die oudheid" was. Hy sinspeel daarop dat "die Romeine, Grieke, Fenisiërs, Babiloniërs en Egiptenare hul heilige geskrifte, wat jaloers in hul tempels bewaar is, toevertrou het aan die sorg van amptenare wat spesiaal vir die doel aangewys is".⁵

Daar was egter belangriker redes waarom die boekrolle op hierdie plek bewaar is:

Die ark is in die goddelike heiligdom geplaas; en geskrifte wat aan die kant van die ark geplaas is, is dus *besonderlik met God verbind*. Hy is inderdaad die outeur van die Skrif. Wat Hy gesê het en wat die Skrif sê, is een en dieselfde ding (Romeine 9:17; Galasiërs 3:2). Hier is dus die geskrewe Woord van God en in die geheel kan hierdie geïnspireerde boeke "die woorde van God" genoem word (Romeine 3:2; vgl. Hand. 7:38).

Vroom Israeliete het verstaan dat die ark die troon van God was (Eksodus 25:22; Psalm 80:1). Die feit dat hierdie geskrifte naas die ark geplaas is, dui daarop dat dit goddelik gesaghebbend was. Die Skrif besit geweldige gesag. Dit vereis van die mens geloof sonder aarseling in sy leerstellings en onwankelbare gehoorsaamheid aan sy voorskrifte. Elke mens moet daarvoor buig. "Hy tog het 'n getuigenis opgerig in Jakob en 'n wet gegee in Israel, wat Hy ons vaders beveel het — om dit aan hulle kinders bekend te maak ..." (Psalm 78:5).

Aangesien hierdie Skrifte naby die ark in die hart van die tabernakel of tempel geplaas is, is dit van alle gewone boeke geskei. Hulle is klaarblyklik as heilig verklaar. God se geskrewe Woord is beslis suiwer en verhewe. Dit is die waarheid, sonder vermenging met foute. "Die woorde van die HERE is rein woorde, silwer wat gelouter is in 'n smeltkroes in die aarde, gesuiwer sewe maal." (Psalm 12:7). Die geïnspireerde geskrifte moet altyd vereer word as "die heilige Skrifte" (2 Timoteus 3:15).

Die ark het natuurlik sy versoendeksel gehad waarop offerbloed gesprinkel is (Eksodus 25:21); en die boeke is daar naby geplaas, en dit het miskien gesinspeel dat hulle die versoeningsleer verklaar en die enigste manier van toenadering tot God uiteensit. "So is dit geskrywe, en so

⁴ Dit was die mening van die ouer kommentators, Piscator, Poole, Clarke, Gill, en ander. Meer onlangs is dit ook ondersteun deur dr. Greg L. Bahnsen in "The Inerrancy of the Autographa", 'n hoofstuk ingesluit in die simposium "Inerrancy" onder redaksie van Dr. Norman L. Geisler (Grand Rapids: Zondervan Publishing House, 1980), p. 167.

⁵ William Henry Green, *General Introduction to the Old Testament: The Canon* (London: John Murray, 1899), p. 11.

moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan, en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word ..." (Luk. 24:46, 47).

Een laaste gedagte: die boekrolle sou onder die vleuels van die Gêrubs gewees het (Eksodus 25:18-20), 'n aanduiding dat hulle goddelik *beskerm en bewaar* is. Alhoewel dit vandag dikwels ontken word, moet die leer oor die behoud van die Skrif geglo en met vrymoedigheid verklaar word. "Die Ou Testament in Hebreeus (wat die moedertaal van God se volk in die ou tyd was) en die Nuwe Testament in Grieks (die taal wat algemeen bekend was aan die volkere toe dit geskryf is), is onmiddellik deur God geïnspireer en deur sy buitengewone sorg en voorsienigheid in alle eeue suiwer bewaar en is daarom betroubaar" (Die Westminster Geloofsbelijdenis, Hoofstuk 1; Artikel 8)⁶. Ons Here het self gesê: "voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie" (Matteus 5:18; vgl. Psalm 119:152; Jesaja 40:8).

EEN BOEK

God het mense bly inspireer totdat daar 'n wonderlike versameling boeke was (1 Kronieke 29:29; 2 Kronieke 9:29, 12:15; Jesaja 30:8; Jeremia 36:1, 2). Die vroegste van Moses se geskifte sou omstreeks 1450 v.C. gedateer word, terwyl Maleagi se skrywe êrens omstreeks 450 v.C. afgehandel sou wees. Dit was dus ongeveer 1000 jaar dat God genadiglik met mense gekommunikeer het en deur die bonatuurlike invloed van Sy Gees sy boodskappe laat neerskryf het, sonder enige dwaling in feite en leer. Hierdie geskifte is toe wonderlik bewaar. Ons moet daarop let dat hierdie versameling van die begin af in wese beskou is as een boek, genaamd "die boek van die HERE" (Jesaja 34:16).

KOPIEË

Die eerste keer dat kopiëring genoem word, is ten opsigte van die tien gebooie, wat oorspronklik natuurlik op kliptafels deur die Vinger van God geskryf is. Die eerste tablette, wat gebreek het, is op God se bevel deur Moses op nuwe tafels uitgebeitel, en die Here het dieselfde woorde daarop geskryf. Dit is toe dat God die reël vir kopiëring neergelê het: die kopie moet "volgens die eerste skrif" wees (Deuteronomium 10:4). En ons het vaste gronde om te glo dat hierdie reël streng toegepas is. Toe Jeremia se geskrewe boodskap deur koning Jójakim vernietig is, het God vir die profeet gesê om nog 'n eksemplaar te maak, maar bepaal dat dit 'n presiese afskrif moes wees. "Neem vir jou weer 'n ander rol", het hy gesê, "en skrywe daarop al die vorige woorde wat op die eerste rol was" (Jeremia 36:28). Gevolglik het Barug (die skrywer van Jeremia), onder die voorskrif van die profeet, al die woorde wat in die vorige boekrol geskryf is, herskryf (36:32 - die tweede boekrol was dus 'n akkurate afskrif van die eerste, alhoewel Barug by hierdie geleentheid materiaal uit Jeremia se geïnspireerde bediening bygevoeg het).

Daar is dus kopieë gemaak nie net van die Tien Gebooie nie, maar ook van ander dele van die Skrif. 'n Afskrif van die boek Deuteronomium, of selfs die hele Pentateug, sou in die hande van elke koning van Israel wees. "En as hy op die troon van sy koninkryk sit, moet hy vir hom 'n afskrif van hierdie wet in 'n boek skrywe, uit dié wat voor die Levitiese priesters lê" (Deuteronomium 17:18; vgl. 2 Kronieke 23:11). Die oorspronklike artikels was natuurlik onder toesig van "die priesters die Leviete"; en as daar staan, "hy (moet) vir hom 'n afskrif van hierdie wet in 'n boek skrywe", beteken dit waarskynlik nie dat hy dit self moet doen nie, maar dat hy moet reël dat iemand dit vir hom doen (vgl. 1 Samuel 1:3; 13:9; 1 Konings 8:62; Johannes 19:19, waar aan sommige mense gesê word om te doen wat byna sekerlik deur iemand anders gedoen is).

⁶ 'n Vertaling deur G. de Vente, 1987.

Om reg te kon funksioneer, sou regters toegang tot die verskillende wette van Moses nodig gehad het (2 Kronieke 19:10), so ook die priesters, veral diegene wat saam met sekere Leviete gestuur is om in die stede van Juda te gaan onderrig (2 Kronieke 17:7-9). In laasgenoemde geval word daar spesifiek gesê dat "hulle het in Juda onderrig gegee met die wetboek van die HERE by hulle" (v 9). Ons moet nie aanvaar dat slegs amptenare eksimplare van die Skrif besit het nie. Daar is bewyse wat daarop dui dat gelowiges oor die algemeen toegang tot Bybelse boeke gehad het (Psalm 1:4, Psalm 119).

DIE WERK VAN DIE SKRIFGELEERDES⁷

Oorspronklike geskrifte, soos ons reeds opgemerk het, word 'outografieë' genoem. Afskrifte staan bekend as 'apografieë'. Dit is duidelik dat die kopiëring van die Skrif baie versigtig gedoen was. Aanvanklik was die priesters hiervoor verantwoordelik (Deuteronomium 17:18), maar later het skrifgeleerdes (Hebreeus: sopherim, van saphar, om te skryf) hierdie rol aanvaar, soos die taal wat Jeremia, die profeet gebruik, aandui: "Ons is wys, en die wet van die HERE is by ons? Waarlik, kyk, bedrieglik werk die leuenpen van die skrywers." Diegene wat as skrifgeleerdes aangewys is, het oorspronklik baie verskillende verantwoordelikhede gehad. Na verloop van tyd het hulle egter op transkripsiewerk gekonsentreer; en daarom word 'n man soos Esra genoem "die priester-skrifgeleerde, wat skrifgeleerd was in die woorde van die gebooe en insettinge van die HERE oor Israel" [In die KJV word Esra 'n "scribe" genoem, 'n skrifgeleerde, Hebreeus: סֹפֵר.]

Dit is te verstane dat die vraag na kopieë van die Skrif baie groot geword het. Die skrifgeleerdes het dus "families" of "gildes" gevorm en saamgespan in hulle pogings om die beste moontlike resultate te verseker (1 Kronieke 2:55). Hulle kundigheid op hierdie gebied, tesame met hul diep eerbied vir die Heilige Skrif, het die produksie van uitstekende kopieë beteken. In werklikheid is slegs die boekrolle vertrou wat deur hierdie klas skrifgeleerdes gekom het.

Dit is werd om daarop te let dat die Jode, deur die voorsienigheid van God, groter sorg vir hul heilige geskrifte as enige ander volk in die antieke wêreld gehad het.

Die akkuraatheid was so goed dat die eksemplare van die skrifgeleerdes as die Woord van God en dus goddelik gesaghebbend aangehaal kon word. In 1 Konings 2:3 beveel Dawid, sy seun Salomo: "en onderhou die ordening van die HERE jou God deur te wandel in sy weë, deur sy insettinge, sy gebooe en sy verordeninge en sy getuïenisse te onderhou, soos geskrywe is in die wet van Moses". Koning Salomo sou slegs toegang gehad het tot 'n eksemplaar, soos genoem in Deuteronomium 17:18, 19; maar let op hoe hierdie eksemplaar beskryf word as dat dit "geskrywe is in die wet van Moses". So sorgvuldig is die kopiëring gedoen dat die voortvloeiende manuskrip die gesag van die oorspronklike behou het. Dit was die Woord van God en dit kan as sodanig aangehaal word.

VERLIES VAN DIE OORSPRONKLIKES

Jerusalem val in 586 v.C. in die hande van die Babiloniërs. Die stad het verskriklike skade gely en die groot tempel wat Salomo gebou het, is heeltemal verwoes (2 Kronieke 36:17-19). Alhoewel dit nie in die geskiedenis genoem word nie, is dit byna seker dat die oorspronklike geskrifte saam met die stad vergaan het. Alles was egter nie verlore nie. Teen daardie tyd was daar talle eksemplare gemaak en sommige daarvan is na die land van ballingskap weggevoer; want ons sien Daniël aanhaal uit wat 'n afskrif van die Wet van Moses moes wees (Daniël 9:11) en hy maak ook melding van Jeremia se profesie, waarvan 'n afskrif ook in sy besit moes wees (9:2).

In 537 vC het die Jode begin terugkeer uit hul gevangenskap en ons weet dat Esra die aanbidding in Jerusalem hervestig het "soos geskrywe is in die boek van Moses" (Esra 6:18). Dit suggereer dat hulle nog steeds eksemplare van die Skrif gehad het en dat hulle dit kon raadpleeg wanneer hulle die aanbidding vir die tweede tempel gereël het. Volgens Nehemia 8:1 het die volk Esra eintlik gevra om "die boek van die wet van Moses, wat die HERE Israel beveel het" te bring. Dit was nie die oorspronklike nie - slegs 'n eksemplaar - maar tog word dit betekenisvol beskryf as "die boek van die wet van Moses". Ons lei uit sulke Skrifgedeeltes af dat God sy Woord wonderlik bewaar het.

⁷ Sien Voorwoord by die Afrikaanse Vertaling, p. 4, laaste paragraaf. In die res van die boek sal "scribe" telkens met "skrifgeleerde" vertaal word.

DIE GROOT SINAGOG

Die geskiedenis van die Ou Testament eindig nogal skielik met die terugkeer uit ballingskap; maar volgens die latere boeke blyk dit dat Esra die leierskap van 'n liggaam van geleerde en wyse manne aangeneem het (Nehemia 8:4, 7, 13; vgl. Esra 7:6, 11, 22). Volgens die Joodse tradisie, het Esra, nadat die Jode teruggekeer het, die Groot Sinagoge tot stand gebring met die doel om die godsdienstige lewe van die nasie te herorganiseer. Hierdie raad - want dit was wat dit werklik was - het uit 120 lede bestaan en die profete Haggai, Sagaria en Maleagi ingesluit. Die "Manne van die Groot Sinagoge" het alle eksemplare van die Heilige Skrif wat hulle kon vind, versamel. Hierdie eksemplare is onderwerp aan deeglike ondersoek en vergelyking. Baie klein foute, wat per ongeluk gemaak is, is nou reggestel. Hierdie was foute soos die weglating van 'n letter, 'n woord of miskien selfs 'n reël. Dat hulle in sommige manuskripte ingekruip het, is glad nie verbasend nie as ons onthou dat daar ten minste agt pare Hebreeuse letters is wat dieselfde lyk, selfs byna identies. Die pligsgetrouste van die skrifgeleerdes was nie onfeilbaar nie. Uiteindelik is die kopieë egter reggestel en as daar was wat erg foutief was, is dit begrawe in 'n 'genizah', 'n heilige plek naby 'n Joodse sinagoge. As gevolg van die werk van die Groot Sinagoge blyk dit dat die Tweede Tempel 'n teks ontvang het wat baie ooreenstem met die latere, ontvangte Hebreeuse teks.⁸

Teen die tyd dat ons Here op die toneel gekom het, was daar baie betroubare eksemplare beskikbaar. Die Here Jesus het voortdurend 'n beroep op die heilige Skrif gedoen. Hy het in die sinagoges van hulle voorgelees (Luk. 4:16); Hy het in sy openbare bediening uit hulle aangehaal (Matteus 19:3-5; 21:16, 42); en Hy het sy hoorders aangespoor om dit self te lees (Johannes 5:39). Daar kan geen twyfel bestaan dat Hy die bestaande eksemplare as die Woord van God beskou het nie. Alhoewel Hy Fariseïese interpretasies en glosse reggestel het, het Hy *nooit die integriteit van die Hebreeuse teks bevraagteken nie*. Hy kon sê: "Daar is geskrywe" (Matteus 4:4, 7, 10) en, weer, "die Skrif kan nie verbreek word nie" (Johannes 10:35). Dieselfde geld natuurlik vir die Apostels (Hand. 1:16, 4:25, 28:25; Hebreërs 1:1, 6, 7; ens.).

Daar kan geargumenteer word dat dit te veel bewys, vir soverre die Septuagint (LXX: die Griekse vertaling van die Ou Testament deur Alexandrynse Jode rondom 250 vC) ook voortdurend in die Nuwe Testament aangehaal word, sonder om ooit een keer in twyfel getrek te word. Kan dit dus nie op dieselfde veronderstelling gesê word dat dit die Septuagint as 'n geïnspireerde en akkurate teks aandui nie? Nee, daar is 'n ernstige fout in sulke redenasies. Die feit is dat daar 'n aantal plekke in die Nuwe Testament is waar dit blyk dat die Septuagint-weergawe doelbewus verwerp is (bv. Matteus 2:15⁹, waar die LXX lui: "Out of Egypt I called his children" [Engelse vertaling van Brenton]; Romeine 10:15¹⁰, waar die LXX lees: "I am present as a season of beauty upon the mountains, as the feet of one preaching glad tidings of peace, as one preaching good news". [Engelse vertaling van Brenton] Kyk ook: Romeine 11:4; 1 Petrus 4:8).

Terwyl sommige aanhalings uit die Nuwe Testament voorkeur gee vir die weergawe van die Septuagint, sal die variasie in hierdie gevalle baie gering wees en glad nie in betekenis nie (bv. Matteus 15:8, 9 - Hebreëus: "... hulle hart het hulle ver van my verwyder, en hulle vrees vir my

⁸ Further information on the state of the text at this period may be found in John H. Skilton, "The Transmission of the Scriptures", in *The Infallible Word, a Symposium by the Members of the Faculty of Westminster Theological Seminary*, third revised printing (Philadelphia: Presbyterian and Reformed Publishing Company, 1967) pp. 153ff. See also Thomas Hartwell Horne, *An Introduction to the Critical Study and Knowledge of the Holy Scriptures*, seventh edition, (London: T. Cadell, 1834), 2:34.

⁹ 1933/53 vertaling: Uit Egipte het Ek my Seun geroep.

¹⁰ 1933/53 vertaling: Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig!

het 'n voorskrif vir mense geword, iets wat geleer word "; Handeling 13:34 - Hebreeus: " Ek sal u die barmhartigheid van Dawid gee", maar die Nuwe-Testamentiese Griekse teks haal eintlik hier aan die Septuagint, soos in die kantlyn van ons Authorised Version (King James Vertaling): Ek sal aan julle gee die heilige weldade van Dawid wat betroubaar is.").

Verder is die doel met die aanhaling uit die Septuagint-weergawe dikwels om die bedoelde betekenis van die oorspronklike duideliker na vore te bring (sien: Romeine 10:18, waar die weergawe van 'stem' verkies word bo die Hebreeuse קו, 'n ietwat onduidelike uitdrukking, hoewel dit as 'n "snaar" van 'n musiekinstrument min of meer dieselfde beteken).

"Ons vind nie", sê dr. Roger Nicole, "'n voorbeeld van 'n Nuwe-Testamentiese afleiding of toepassing wat logies uit die Septuagint afgelei word en wat nie op grond van die Hebreeuse teks gehandhaaf kan word nie". Hy sluit af: "Die gebruik van die LXX in aanhalings dui nie daarop dat die skrywers van die Nuwe Testament hierdie weergawe as geïnspireerd op sigself beskou het nie ... Maar hulle bereidwilligheid om die LXX te gebruik, ondanks sy gebreke, leer ons die belangrike les dat die basiese boodskap wat God van plan was om aan ons te lewer, selfs deur 'n vertaling oorgedra kan word, en dat 'n beroep op 'n weergawe gedoen kan word vir sover dit ooreenstem met die oorspronklike ".¹¹

Om terug te keer na ons vroeëre punt: die feit dat ons Here en sy apostels eerste-eeuse Hebreeuse teks onderskryf het, toon dat die teks akkuraat en betroubaar was.

DIE BEROEMDE MASORETE

Soos ons gesien het, het God skrifgeleerdes, of sopherim, opgewek om 'n merkwaardig suiwer teks te lewer. Dit was ander se taak om hulle werk voort te sit en die nodige stappe te neem vir die bewaring van die teks. Dit was die Masorete, 'n naam afgelei van die Hebreeuse woord 'Massorah' wat 'tradisie' beteken. Dit was families van Joodse geleerdes en tekskritici wat uiteindelik akademies geopen het, een in Tiberius (aan die kus van die see van Galilea) en een in Babilon (in die Ooste). Niemand weet presies wanneer die Masorete die eerste keer verskyn het nie. Sommige meen dat hulle bestaan teruggevoer kan word tot die eerste eeu nC. Ander dateer hul begin later, êrens rondom 500 nC. Wat ook al korrek is, die Masorete se prestasie is wat regtig saak maak.

Jerusalem is vernietig in 70 nC. As gevolg hiervan is die Jode deur die verskillende lande van die Romeinse ryk versprei. Die Masorete het geweet dat hierdie verspreide Jode en hulle nageslagte afskrifte van die Heilige Skrif sou benodig, en hulle het geglo dat sekere dinge gedoen kon word om die suiwer Hebreeuse teks te bewaar. Met die oog daarop het hulle belangrike inligting oor die teks versamel en gedetailleerde reëls neergelê vir die korrekte kopiëring daarvan.

Hulle het vokaalpunte (Hebreeus het geen vokale nie) ingevoer, vaste aksente (om die korrekte uitspraak te verseker), die betekenis van woorde (waar dubbelsinnigheid bestaan) verduidelik, kanttekeninge verskaf (om onduidelikheid te verwyder) en bedoelde pouses aangedui (wat dikwels die betekenis beïnvloed). So noukeurig was hulle in hul studies dat hulle selfs die verse, woorde en letters van die Ou Testament getel het, byvoorbeeld deur op te let dat Aleph 42 377 keer voorkom; Beth, 38 218 keer; Gimel, 29 537 keer; en so aan.

Kopieskrywers moes die streng reëls van die Talmud volg, wat die volgende ingesluit het: slegs die velle van skoon diere moes gebruik word; elke vel moet dieselfde aantal kolomme bevat; daar moes nie minder nie as agt-en-veertig en nie meer as sestig reëls nie; swart ink moes volgens 'n spesifieke resep voorberei word; geen woord of letter moes uit die geheue geskryf

¹¹ Roger Nicole, "New Testament Use of the Old Testament", in *Revelation and the Bible*, Carl F.H. Henry, ed. (London: The Tyndale Press, 1959), pp. 142-43. Sien ook die kommentaar van Walter C. Kaiser Jnr, *The Uses of the Old Testament in the New* (Chicago: Moody Press, 1985), pp. 4ff.

word nie; as so min as wat 'n letter weggelaat is, of verkeerdelik ingevoeg is, of selfs as een letter aan 'n ander raak, moes die vel vernietig word; drie foute op 'n bladsy het beteken dat die hele manuskrip veroordeel is; en hersiening van die kopie moes binne 30 dae plaasvind, want anders moes dit verwerp word. 'n Manuskrip wat hierdie proses oorleef, kan beswaarlik anders as verbasend akkuraat wees.

'N MASORETIESE TEKS

Die Masorete se doel was om die Ou Testament van elke vorm van verandering te bewaar; en dit was om dié doel te verseker dat hulle hul versameling gedetailleerde aantekeninge (die Massorah) gemaak het. Die Jode noem hul voltooië werk "Die heining van die wet". As gevolg van hul arbeid het ons vandag 'n standaard en tradisionele teks.

Die teks waaruit die King James weergawe vertaal is, word die Ben Chayyim-teks genoem (na Jacob ben Chayyim, onder wie se redaksie dit in 1524-5 gedruk is) en dit is soortgelyk aan die teks van Ben Asher (wat in die tiende eeu geleef het in Tiberius, in Palestina, en wat saam met lede van sy familie 'n akkurate uitgawe van die Masoretiese Teks opgestel het). Dit is 'n getroue en betroubare teks.

Deur God se spesiale voorsienigheid kan ons met vertroue sê dat ons in die Hebreeuse Masoretiese teks 'n teks het wat baie naby aan die Hebreeuse oorspronklike is.

OU TESTAMENT OPSOMMING

Om op te som: Wat was dan die middel wat God gebruik het om die behoud van sy Woord te verseker?

Die eerste was die Jode se diep eerbied vir die Heilige Skrif. 'n Jood bewee letterlik voor die geskrewe Woord. Volgens Philo en Josephus sou hulle enige pyniging ly, en selfs die dood self, eerder as om iets in die Heilige Skrif te verander. God het hierdie eerbied vir die teks gebruik om te verhoed dat dit vervals en beskadig word.

Tweedens was daar die plegtige opdragte van die Skrif, soos Deuteronomium 4:2: "Julle mag by die woord wat ek julle beveel, niks byvoeg nie, en julle mag daar niks van weglaat nie". Hierdie opdragte, uitgereik met goddelike gesag, het ware vrees in die harte van mense ingeboesem.

Derdens is hierdie boekrolle in die Allerheiligste neergelê. Daar was geen plek wat op aarde nie wat meer heilig was nie, dit het hulle buite die bereik van steurende hande geplaas.

Vierdens, die blote professionaliteit van die skrifgeleerdes en Masorete het 'n suiwer teks beveilig en bewaar. Hulle was groot geleerdes, vaardig in die goddelike wet en vereer as uitleggers van die Heilige Skrif.

Vyfdens was daar die toesig oor profete. Gedurende die Ou Testamentiese tydperk het profete 'n unieke bediening beoefen en was hulle in staat om oor die kopiëringwerk toesig te hou. Enige fout in transkripsie sou vinnig deur hulle opgespoor kon word.

Sesdens het die Jode voortdurend hul Skrif gekopieer, soos Deuteronomium 6:7 duidelik aantoon: "... en jy moet dit jou kinders inskerp en daarvoor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan ". Hierdie kopieë het sodanige vertroudheid in die teks tot gevolg gehad dat indien soveel as 'n woord verander sou word, dit onmiddellik opgemerk sou word en dat daar sonder twyfel 'n sterk en selfs hewige protes sou wees.

In die sewende plek het Christus en sy apostels die Skrif bevestig soos dit in hulle tye ontvang is. Die standaardteks wat deur hulle gebruik word, is dieselfde as wat ons vandag gebruik. Hulle onbetwisbare aanhaling daarvan as God se Woord is 'n onbetwisbare seël van die egtheid en betroubaarheid daarvan.

Hierdie en ander oorwegings laat ons glo dat God die Ou-Testamentiese teks wonderlik bewaar het. Wanneer die Ou Testament gelees word, volgens die Masoretiese teks, kan ons glo dat ons die Woord van God lees en hoor. Hoe interessant dit ook al is, dit is nie vir ons om *eienaardige weergawes* uit die Dooie See-rolle, die Latynse weergawe of enige ander bron te aanvaar nie.

God het sy Woord *bewaar*. Dit moet nie verstaan word dat God dwarsdeur die geskiedenis herhaalde wonderwerke gedoen het nie, en ook nie dat hy die verskillende rabbi's en skrifgeleerdes wat aan die teks gewerk het, "geïnspireer" het nie. Ons gee toe dat die outografieë lankal vergaan het en dat sommige foute in die weergawes wat nou beskikbaar is, ingesluip het. Daar is dus behoefte aan tekskritiek. Die leerstelling van "voorsorgbehoud" vereis 'n noukeurige definisie. Wat presies bedoel ons daarmee? Hier wil ek die woorde van professor John H. Skilton aanhaal: "God wat die Skrif gegee het, wat alles doen volgens die raad van sy wil, het 'n merkwaardige sorg oor sy Woord uitgeoefen, het dit in alle eeue in 'n toestand van wesenlike reinheid bewaar, en dit in staat gestel om die doel te bereik waarvoor hy dit gegee het".¹²

Die Hebreeuse teks is dus oorspronklik deur Moses en die profete gegee; dit is getrou gekopieer deur die skrifgeleerdes, gestandaardiseer deur Esra saam met die Manne van die Groot Sinagoge, bekragtig deur ons Here en sy apostels, en met noukeurige sorg deur die Masorete geredigeer. Ortodoksie vereis dat ons met vrymoedigheid ons geloof in die Ou Testament, soos vertaal uit die Hebreeuse Masoretiese teks, bevestig.

¹² Skilton, p. 143.

Die Nuwe Testament

Die Here Jesus Christus het aan die Ou Testamentiese Skrif 'n geïnspireerde gesag toegeskryf (Matteus 5:18; 15:3; Markus 12:36; Johannes 10:35). Hy het ook belowe dat Hy, na sy terugkeer na die hemel, die Gees van God sou stuur om verdere waarheid aan sy uitverkore dienaars te kommunikeer en hulle in staat te stel om dit op te teken. Dit sou die Christelike Kerk 'n onfeilbare gids gee. "Die Trooster", het Hy gesê, "die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het" (Johannes 14:26; vgl. 16:12, 13).

Aanvanklik was daar slegs mondelinge onderrig. Dit het egter gou geblyk dat die Christelike waarheid neergeskryf moes word. Eerstens het die apostels (die getuies van ons Here in die dae in die vlees) na verre lande begin reis en kort voor lank sou hulle almal deur die dood verwyder word (2 Timoteus 4:6; 2 Petrus 1:14); ook het die toenemende aantal nuwe bekeerlinge en kerke gereelde, gedetailleerde en omvattende onderrig nodig gehad (Luk. 1:3, 4; Hand. 1:1); en verder, vals en ketterse geskrifte, wat selfs toe in omloop was, het ernstige leerstellige verwarring veroorsaak (2 Tessalonisense 2:1, 2; 3:17).

Die Heilige Gees, wat dit alles vooruit gesien het, het Sy bonatuurlike invloed op sekere uitverkore mans uitgeoefen sodat hulle neergeskryf het wat onfeilbaar en foutloos was. Aan die einde van sy Evangelie beskryf Johannes homself dus as "daardie dissipel wat van hierdie dinge getuig en hierdie dinge geskryf het", en voeg by: "en ons weet dat sy getuienis waar is" (Johannes 21:24, 25; vgl. 1 Korintiërs 14:37; Galasiërs 1:20; Filippense 3:1; 1 Johannes 1:4; ens.).

CHRISTELIKE WAARHEID NEERGESKRYF

So het die Nuwe-Testamentiese Geskrifte ontstaan. Aanvanklik is hulle in Grieks geskryf, wat die algemene taal van die Romeinse Ryk was in die tyd toe die Christendom ontstaan het. Die skrifte is neergeskryf op spesiaal voorbereide materiale: "papyrus" ('n papieragtige stof, vervaardig uit die kern van die papyrusplant) en later "perkament" (vel van die dier, wat "velyn" genoem is as dit besonder fyn van gehalte was). In uiterlike vorm sou die dokumente soos rolle (as papyrus) en boeke (as perkament of velyn) gelyk het. Die tegniese naam vir laasgenoemde is kodekse.

Wat die gebruikte penne betref, sou dit riet- of veerpenne gewees het (gemaak van stingels of vere), en die ink sou byna seker swart en koolstof gebaseer gewees het (gemaak van roet en gemeng met gom). Later, in ongeveer die vyfde eeu, is 'n rooi metaalagtige ink (berei van gal-appels) gebruik, maar dit lyk asof dit slegs gebruik is om te beklemtoon.

Daar is natuurlik verwysings in die Nuwe Testament na "skryf", "papier (papyrus) en ink", en ook na "boeke" en "perkamente" (dit wil sê perkamente van voorbereide velle). Kyk: 2 Timoteus 4:13; 2 Korintiërs 3:3; 2 Johannes 12; en 3 Johannes 13. 'n Interessante vraag ontstaan nou: wat het geword van hierdie oorspronklike dokumente?

DIE GODDELIKE OORSPRONKLIKES

Die vroeë Christene het hulle dadelik erken as goddelik gesaghebbend (1 Korintiërs 14:37), en hierdie tekste is eers gelees deur diegene na wie hulle gestuur is, hetsy individue of kerke, en daarna is dit versprei sodat soveel as moontlik voordeel kan trek uit die apostels se leringe (1 Tessalonisense 5:27; Openbaring 1:3; Kolossense 4:16; 2 Petrus 3:15, 16). Ongelukkig kon hierdie oorspronklike (of "outografieë") nie lank oorleef het nie, deels omdat dit geneig was om bros te word en voortdurende gebruik dit gou laat verbroekel het, en deels omdat hulle blootgestel was aan die gevare van ongeluk en vervolging.

Daar kan moontlik verwys word na die oorspronklike in 'n verhandeling van ongeveer 200 nC.

Tertullianus, een van die vroeë kerkvaders, was verantwoordelik vir 'n verhandeling getiteld "Die voorskrif teen ketters" en in die ses en dertigste hoofstuk het hy geskryf: "Kom nou, jy wat 'n beter nuuskierigheid sou geniet, . . . loop oor die apostoliese kerke, . . . waarin hulle eie outentieke geskrifte gelees word, . . . Achaia is baie naby jou (waarin jy Korinthe vind). Aangesien jy nie ver van Macedonië af is nie, het jy Philippi; (en ook daar) het jy die Thessalonicense. Aangesien jy na Asië kan oorsteek, kry jy Efese. Aangesien jy boonop naby Italië is, het jy Rome, waaruit selfs die gesag (van apostels self) in ons eie hande kom." ¹³

Alhoewel sommige geleerdes dit ontken, word deur ander bevestig dat die verwysing hier na die Griekse oorspronklikes verwys. Daar word gesê dat Tertullianus sy lesers versoek om die plekke te besoek waar die oorspronklike artikels bewaar word en sodoende self die goddelike en heilige geskrifte van die Nuwe Testament te sien. ¹⁴

AKKURATE KOPIEERING

Hoe dit ook al sy, die apostels se eie manuskripte sou byna beslis nie veel langer as die jaar 200 nC behoue gebly het nie. Tog het ons Here geïmpliseer dat die Christelike Geskrifte behoue sou bly. "Die hemel en die aarde sal verbygaan", het Hy gesê, "maar my woorde sal nooit verbygaan nie" (Matteus 24:35; vgl. 28:20; Markus 8:38; 1 Petrus 1:23-25). Die bewaring daarvan is natuurlik verseker deur getroue en pligsgetroue kopiëring.

Selfs in die apostoliese tyd was eksemplare van boeke uit die Nuwe Testament in die besit van sowel individue as kerke. Petrus was in elk geval vertrou met Paulus se brief aan die Christene wat in Klein-Asië (Galasiërs, Efesiërs of Kolossense) gewoon het, en hy dui inderdaad baie duidelik aan dat hy bekend was met "al die briewe" [van Paulus] (2 Petrus 3:15, 16). Die kerk in Kolosse is meegedeel dat Paulus se brief aan hulle geensins as hul besondere eiendom moes beskou word nie, maar dat hulle moes sorg dat dit - waarskynlik 'n kopie - "ook in die gemeente van die Laodicense gelees word". Die Kolossense het verder gesê: "Julle (lees) ook dié" - weer eens waarskynlik 'n kopie "uit Laodicea" (waarskynlik Efesiërs; Kolossense 4:16). Kort voor lank was daar versamelings van hierdie boeke. Christelike kerke het hele stalle nodig gehad om in die openbare eredienste te lees.

Dit word indirek bevestig deur die geskrifte van die Apostoliese Vaders in die tweede eeu. Ter wille van die kortheid kan daar slegs na een daarvan verwys word: Polycarpus, 'n dissipel van die apostel Johannes. Hy skryf aan die Filippense en haal baie aan uit die evangelies en sendbriewe en spreek dan sy vertroue uit dat die Filippense self "goed vertrou is met die Heilige Geskrifte". ¹⁵ Teen hierdie was daar vir seker kopieë gemaak en getuienis dui daarop wat dit wyd gesirkuleer was.

Die eerste kopieë is moontlik deur die apostels self gemaak. Paulus, in sy Romeinse gevangenis, het gevra dat daar vir hom "die boeke, veral die perkamente" gebring moes word

¹³ The Ante-Nicene Fathers, Tertullian, On Prescription against Heretics, chap. 36 (Grand Rapids: William Eerdmans Publishing Company, 1979), 3:260.

